



Gesinne in Harmonie

Volume 12, Maart 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Liewe Ouers,

'n Belofte is 'n belofte wat nooit verbreek mag word nie!

- aldus Heidi in die gewilde kinder storie...

of, soos die meeste van ons dit ken:

Beloftes maak skuld.

Ek het nog nooit eens gedink waar hierdie gesegde vandaan kom nie; maar net geglo dis iets wat my pa by my ouma geleer het en alles wat sy moontlik vir hom of vir ons kon leer, was wet.

Nou lees ek hierdie week in Numeri 23 die storie van Bileam en sy pratende donkie en van vers 19 af vertel Bileam vir Balak:

"God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets belowe en dit nie uitvoer nie?"

Sekerlik is daar baie beloftes in die Bybel waar ons nie net beloftes oor die toekoms van Israel en oor Christus self te doen kry nie, maar ook waar God vir ons elkeen persoonlik beloftes maak. 'n Mens kan 'n hele studie net oor God se beloftes maak.

Wat leer ek as ouer uit God se beloftes? Dis verseker ook 'n mondvul en 'n hele studie werd, maar die belangrikste van 'n belofte is dat dit nie verbreek mag word nie.

'n Ouer mag dus nie beloftes maak sonder om goed daarvoor te besin nie, want daar is min dinge wat sóveel teleurstelling in 'n kind se hart bring as 'n pappa of mamma wat leë beloftes maak.

Beloftes skep verwagting vir (meestal) goeie dinge en is eintlik so deel van ons alledaagse lewe dat mens selde daarvoor dink en aandag skenk aan die effek wat 'n belofte in die huisgesin op die verskillende gesinslede het.

Kom ons besin hierdie maand bietjie oor die maak van beloftes en wat dit in ons hedendaagse huisgesinne beteken (of behoort te beteken!).

Saam in Sy diens,

Lita

NS: Kontak ons gerus deur middel van die details op die agterblad.

Notas vir die yskas

Kleuterkerk en Junior Kategese

08:50—10:15 in Kerkzaal

Maart -

• 4, 18, 25

Skole sluit 30 Maart en

heropen op 10 April

Manne-Oase

• 5 Maart om 18:30

• Gasspreker

• Tema: Pornografie

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

Gesinne in Harmonie

Ondersteuningsgroep

Kom deel gerus jou vreugdes, vrese en ervaring met ander ouers soos jy!

Kinders mag saamkom—daar word dvd's gewys om hulle besig te hou.

Moenie hierdie geleentheid mis om saam met ander gesinne te kuier nie!

• Om 18:30 in die Oase

• 13 Maart

Kerkdiens

Kom geniet 'n Kerkdiens wat spesifiek op Gesinne in Harmonie fokus, saam met jou hele familie!

• 11 Maart

• Om 09:00 in Kerkgebou

**Onthou die
Huweliksfees
4-6 Mei!**

Sjokolade ...

Daar is seker min van ons (veral ons vroue) wat nie lief vir 'n goeie sjokolade is nie - veral as dit nog deur iemand spesiaal vir ons gegee is ook! My gunsteling is **Leonidas** - 'n Belgiese sjokolade wat met vars room gemaak word en nie hier plaaslik geredelik bekombaar is nie. Dit is nie omdat ek eksklusiewe smaak het nie, maar bloot omdat ek dit leer ken het deur een van my destydse kollegas wat gereeld België toe moes reis en dit dan vir my saamgebring het.

Die kere wat ek so 'n geskenk gekry het, was ek baie suinig daarmee en het dit onmiddellik heel agter in die yskas weggesteek en 'n behoorlike geleentheid daarvan gemaak om dit so een op 'n slag te geniet - altyd in die geselskap van 'n goeie boek en musiek.

Toe gebeur dit een maal dat ek vergeet het om dit dadelik in die yskas te sit... met baie suur gevolge! Daardie gevoel van teleurstelling om suur sjokolade te proe nadat jy so uitgesien het na daardie hemelse rykheid van 'n skaars bederfie...

Is dit nie dieselfde smaak wat 'n verbreekte belofte in mens se mond laat nie? Dalk verskil jy van my, maar ek is seker jy kry die prentjie....

Moot Care Sentrum

Louwina Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: mootcare@vodamail.co.za



**Gee jou seun 'n goeie opvoeding
en jy sal gerus wees oor hom;
hy sal jou baie vreugde ver-
skaf.**

Spreuke 29:17



Gesinne in Harmonie

Volume 12, Maart 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Leef die lewe nou!

Die 'Cancer Shavathon' laat my 'n paar oomblikke stilstaan by die betekenis van die lewe. Van my kollegas by die werk laat skeer hulle hare No. 1 Ek is nie so braaf nie en laat spuit my hare toe darem pers.

In 1973 toe ek sewe jaar oud was, is my biologiese ma aan kanker oorlede. Dit was in daardie tyd natuurlik iets waarvan mens nie elke dag gehoor het nie en dikwels was dit iets wat met ander mense gebeur het.

In 2000 is my stiefma ook aan kanker oorlede. Ek kan nie baie van my eie ma onthou nie, maar het wel saam met my pa en stiefma gedurende haar siekte 'n pad gestap.

My pa se een broer is ook aan kanker oorlede. Een van sy susters het kankeragtige groeisels op haar hande laat uitsny en een van my susters moes dit ook doen.

So kom die vrae by mens op: Wanneer is dit dalk my beurt?
Of: Wie is dalk volgende?

'n Vriendin leef nou al meer as 10 jaar met kanker, 'n ander een het in verlede jaar uitgevind dat sy kanker het en 'n skoolmaat gaan hierdie maand vir sy laaste chemosessie.

Dit is asof kanker deesdae net meer en meer voorkom. Dalk is dit nie so nie. Dalk was dit altyd daar, maar met die media en tegnologie vandag is dit net makliker om daarvan te hoor.

Min of meer almal het selfone en meeste mense gebruik Facebook of een van die ander sosiale netwerke. Oupas en Oumas kommunikeer sommer op Skype met hul kinders en kleinkinders wat oorsee bly.

Dit is dus makliker om jou geliefdes te laat weet as jy siek is of weet van iemand wat siek is en hulle te vra om 'n gebedskring te vorm.

Terwyl jy in die geselskap van iemand is wat aan kanker ly, kom mens ook onder die besef van hoe kosbaar en hoe kort die lewe eintlik is.

Skielik sien jy jou eie probleme deur ander oë en lyk dit baie klein en eenvoudig in vergelyking met die persoon langs jou.

Skielik is kleure helderder, geure meer definitief en raak jy geïrriteerd met kollegas wat leef vir elke Huisgenoot se skinderstorie, met mense wat ondankbaar is of wat heeldag oor ander iets te sê het.

Dit maak nie saak hoe groot jou eie skete en kwale vir jou gelyk het nie; die oomblik wat jy met die groot K gekonfronteer word, verander jou gesindheid nie net teenoor die lewe nie, maar ook teenoor die dood.

Jou eie dun hare waaroor jy elke oggend gesug het, lyk ewe

skielik vir jou welig en gesond.

Jy sit soggens en kyk uit by jou venster of sit op die stoep en waardeer skielik elke voëltjie wat in jou tuin sing - selfs die lysters en hadidas lyk skielik vir jou mooi.

Dit gee ook nuwe betekenis aan jou verhoudings, want jy besef meteens dat dit met jou ook kan gebeur of met een van jou geliefdes.

Jy huil makliker oor dinge wat mooi is - selfs as die dominee in die kerk 'n mooi preek lewer, spreek dit tot jou hart en jy moet 'n sneesdoekie uitgrawe.

Oomblikke saam met jou kinders raak kosbaarder. Jy maak skielik tyd om saam met hulle te sit en 'n boek te blaai, met aandag na hulle te luister as hulle iets met jou wil deel.

So is ons.

Ons het dikwels eers 'n 'wake-up call' nodig voordat ons besef hoe kosbaar die lewe is en hoe ons kosbare tyd laat verlore gaan deur ons met beuselagtighede besig te hou in plaas van die dinge wat ewigheidswaarde het.

Die vreugde van vandag is net vandag beskikbaar - as jy dit nie met albei hande aangryp nie, wanneer gaan jy?

As jy nog nie hierdie jaar een van jou kinders se sportwedstryde bygewoon het nie - wanneer gaan jy?

As jy nog nie vir jou vrou of man gesê het hoe jy haar of hom waardeer en liefhet nie - wanneer gaan jy?

As jy nog nie by jou vriendin gaan tee drink het sommer net omdat jy kan nie - wanneer gaan jy?

Elke dag is nie noodwendig 'n goeie dag nie, maar daar is goed en mooi in elke dag!

Gister is verby en jy kan dit nooit weer terugkry nie. Môre is dalk nie joune nie.

Die geleentheid om die beste dag van jou lewe te leef, is vandag - leef jou lewe nou!

Tel daardie telefoon op en skakel jou ma of pa om sommer net te gesels.

Pluk blomme in jou tuin en vat dit vir 'n buurvrou of vriendin.

Gee vir die ou wat by die robot staan en bedel, 'n kospakkie wat jy met sorg voorberei het.

Skakel in by jou gemeente en kyk waar jy iets vir iemand anders kan beteken.

Dink oor die lewe. Waardeer wat jy het en wat jy kan doen.

Kom jou beloftes na.

Leef elke dag voluit - leef dit nou!



Gesinne in Harmonie

Volume 12, Maart 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Meanings - Oscar Wilde

Standing for what you believe in, regardless of the odds against you, and the pressure that tears at your resistance,

...means **courage**

Stopping at nothing, and doing what's in your heart, you know is right,

....means **determination**

Doing more than is expected, to make another's life more bearable, without uttering a single complaint,

....means **compassion**

Holding your head high, and being the best you know you can be when life seems to fall apart at your feet, facing each difficulty with the confidence that time will bring you better tomorrow's, and never giving up,

....means **confidence**

Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. T r e e altyd toepaslik op

- Anoniem -

I think, therefore I am...

René Descartes, 'n sewentiende eeuse filosoof, het hierdie bekende spreuk uitgedink en daar steek nogal meer waarheid in as wat mens aanvanklik dink. Eers dink mens: Natuurlik, ek het tog verstand, daarom weet ek ek is 'n mens en weet ek dat ek anders as diere byvoorbeeld is. Dan begin jy wonder hoekom 'n filosoof gedink het dat die paar woorde so belangrik is. Doen bietjie hierdie eksperiment:

- Ek dink ek is moeg en nie vanoggend lus om kerk toe te gaan nie, daarom....
- Ek dink my kind gaan nooit deurkom nie, daarom....
- Ek dink my ruggyn is nou onuithoudbaar, daarom ...

Is dit nie ongelooflik hoeveel krag 'n mens se brein het nie? 'n Mens kan jousef siek maak deur bekommernisse en gou moedeloos word as jy nie doelbewus aan jou brein werk nie. Dikwels kom mense nie eens agter hoeveel hul gesindhede hul aksies beïnvloed nie. Die ou wat heeldag kla, glo later self sy klagtes en kry net meer by!

Dis geen wonder dat verskeie motiveringsprekers klem lê op die krag van positiewe denke nie!

As ons heeldag in die geselskap van negatiewe mense is of net konsentreer op ons eie swaarkry en bekommernisse, vergeet ons om wyer te kyk en dikwels vergeet ons ook om op te kyk. God is groter as ons probleme. Hy wil graag die geleenthede skep waar ons gefokus moet bly op wat Hy ons wil leer en van Hom afhanklik moet bly.

Is dit nie wat jy met jou kinders ook wil doen nie? Hulle net 'n bietjie langer onder jou vlerk hou en hulle net 'n bietjie langer klein hou...

Ons is na God se beeld geskape - iets wat ons dikwels vergeet. Dit is dus amper logies dat ons oor ons kinders sal voel soos wat Hy oor ons voel - het jy dit al beseef?

Ons is altyd haastig om God aan Sy beloftes te herinner as ons probleme het, maar is dit dan nie ook logies dat ons kinders ons ook aan ons beloftes moet herinner nie?

Maak vandag 'n belofte aan jousef om meer te let op wat God wil hê jy moet doen en wie jy moet wees. Jy is immers nog nie 'klaar' nie, Hy werk daaglik nog aan jou!

Skryf jou beloftes neer, sodat jy jousef daaraan kan herinner. Laat jou woord 'n woord van eer wees. Wees trots daarop as ander van jou kan sê: op hom / haar kan jy staatmaak, want sy / haar woord is nog die moeite werd.

God skenk ons elke dag genade vir net daardie dag. Jy kan net 'n dag op 'n keer hanteer.

Barbara Johnson

God's way is perfect. All the Lord's promises prove true.

Psalms 18:30

Let God's promises shine on your problems.

Corrie ten Boom

We must make the Lord's promises ours by embracing them in our hearts.

Matthew Henry



Gesinne in Harmonie

Volume 12, Maart 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Boekwurms

Jy is wat jy lees!
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

Fliekvlooië

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

Hulp met huiswerk

Ja, dit is nie net noodsaaklik dat kinders reeds van kleins af take en verantwoordelikhede in en rondom die huis kry nie, dit is ook noodsaaklik dat ouers betrokke is by die doen van huiswerk.

Ek verstaan nie hoe 'n mens tyd maak hiervoor nie en ek haal my hoed af vir ouers wat dit regkry, want my eie lewe is 'n gejaag!

Daarom het ek gedink om julle as ouers bietjie te help deur 'n paar internet-hulpmiddels te lys wat baie nuttig kan wees as julle moet help om navorsing te doen vir 'n taak.

Afrikaanse soekenjins:

- ⇒ <http://www.soek-afrikaans.co.za> bevat inligting oor meer as 1800 Afrikaanse webwerwe
- ⇒ <http://www.aardvark.co.za>
- ⇒ <http://www.rieme.co.za>
- ⇒ <http://www.oxfordreference.com> bevat 'n versameling naslaanwerke in elektroniese formaat. Lidmaatskap word wel vereis alvorens die bronne beskikbaar is.

Algemene inligtingsbronne:

- ⇒ <http://www.britannica.com> is 'n algemene naslaanbron oor 'n wye reeks onderwerpe
- ⇒ <http://www.bybel.co.za> - die Bybel in Afrikaans
- ⇒ <http://www.woes.co.za> bevat skakels na talle ander webwerwe
- ⇒ <http://www.rieme.co.za> bevat skakels na talle Afrikaanse bronne
- ⇒ <http://www.dieknoop.co.za>
- ⇒ <http://www.symbols.com> is 'n gekoppelde ensiklopedie vir grafiese simbole
- ⇒ <http://www.encyclopedia.com>

Ensiklopedieë:

- ⇒ <http://af.wikipedia.org> bevat algemene inligting oor Afrikaans
- ⇒ <http://en.wikipedia.org> bevat algemene inligting oor Engels
- ⇒ <http://www.libraryspot.com/encyclopedias.htm> bevat inligting van beskikbare aanlyn-ensiklopedieë

Dan is daar nog <http://www.tuishulp.co.za> wat uitstekende hulpmiddele ook te koop aanbied en weekliks 'n nuusbrief uitstuur wat spesifiek gemik is op ons Suid-Afrikaanse kinders en hulle omstandighede.

Veral hierdie laaste een sal ek aanbeveel - kyk gerus bietjie daarop rond en teken in sodat jy die nuusbrief kan ontvang!

Moenie dat huiswerk jou tyd saam met jou kind versuur nie - maak dit iets wat lekker vir albei van julle is, omdat jy weet waar om inligting in die hande te kry en jou kind terselfder tyd kan wys hoe om die internet tot sy/haar voordeel te benut!

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

Die Koffiepot
vir Volume 1-3 van
Ouers in Harmonie en
nou Gesinne in Harmonie!

Bediening vir Diens

Peet Dorfling

Telefoonnommer:
084 464 7102

Epos:
peet@productivitysa.co.za

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:
071 6488 656

Epos:
basson.geldenhuys@dpw.gov.za

Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnommer:
082 453 8421

Epos:
brendabarnard@gmail.com

Taakspan vir Senior Lidmate

Ds Dirk van Zyl

Telefoonnommer:
084 038 8993

Epos:
caddvanzyl@absamail.co.za

Taakspan vir Jeug

DJ Muller

Telefoonnommer:
083 420 2217

Epos:
djennadia@gmail.com

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:
082 453 8421

Epos: lspreeth@sars.gov.za

Manne Oase

Pieter Malan

Telefoonnommer:
082 444 1112

Epos:
phmalan@gmail.com